## VAN DIE REDAKSIE

Sedert die vorige uitgawe van *Historia* is dr. A. H. du P. van Wyk, voormalige Direkteur van Onderwys in Transvaal, tot Provinsiale Sekretaris bevorder. Gedurende sy ampstermyn as Direkteur, was dr. van Wyk *ex officio* beskermheer van die Historiese Genootskap van Suid-Afrika — 'n beskermheerskap wat dateer sedert die stigting van die Genootskap.

Op 11 Februarie 1956 het dr. van Wyk in sy hoedanigheid as Direkteur van Onderwys 'n Geskiedeniskonferensie in Pretoria geopen. Verwysende na die plek van Geskiedenis in die Onderwys, het hy o.a. gesê: „Dit is vandag die strewe in die opvoeding om die algemeen-vormende volksonderwys van elke kind te verhoog tot aan die einde van sy tiende skooljaar of *standerd VIII* en in hierdie kernkurrikulum moet geskiedenis sonder twyfel 'n noodsaaklike plek naas ander ewe-belangrike vakke inneem. Ons is dit verskuldig aan ons kinders in 'n land met steeds toenemende meganisasie en veelsoortige rassevraagstukke."

Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat die opvattings van dr. van Wyk ooreengestem het met die strewe van die Historiese Genootskap. As Direkteur het hy altoos daadwerklike belangstelling in die werksaamhede van die Genootskap getoon. Waar sy naam voortaan nie meer op die lys van beskermhere verskyn nie, voel die Genootskap tog oortuig dat hy in dr. van Wyk 'n goeie vriend en weldoener behou.

Mnr. A. J. Koen, die huidige Direkteur van Onderwys in Transvaal, het goedgunstiglik ingestem om as beskermheer te dien. Hy is reeds 'n geruime tyd lid van die Historiese Genootskap, het ook reeds as spreker by een van die Kongresse opgetree en toon 'n daadwerklike belangstelling in die bevordering van Geskiedenis.